

DIE CATEMBE-KONSESSIE

J.H. Ploeger

Die agtergrond

In die negentigerjare van die vorige eeu was sowel die Portugese kolonie Mosambiek as die Zuid-Afrikaanse Republiek gebiede waarin die Britse en Duitse invloedsdrange met mekaar gebots het. In Mosambiek was die brandpunt van hierdie mededinging die belangrikheid van Delagoabaai met, daarby aansluitend, die Transvaalse agterland, met name die Witwatersrandse goudveld.

Die Jamesoninval van 1895—96 en die telegram van Keiser Wilhelm II aan Staatspresident Kruger in verband met die geslaagde boere-optrede teen die invallers het nie alleen die Brits-Duitse verhouding, al was dit dan ook tydelik, laat versleg nie, maar vir die Zuid-Afrikaanse Republiek was dit 'n teken dat hy op Duitse bystand kon vertrou. Dit het ook gegeld ten opsigte van Transvaalse bemoeiings om, soos P J van Winter dit gestel het, 'n vaste voet of 'n versekerde invloed aan Delagoabaai te verkry.¹ Vir Transvaal was 'n onbelemmerde deurgang na Delagoabaai 'n lewensbelangrike aangeleentheid en in 1895 is hierdie strewe met sukses bekroon deur die opening van die Oosterlyn, soos die Delagoabaai-spoorlyn bekend was. Maar die strewe van die Transvaalse regering het verder gegaan, nl. in die rigting van verowering van 'n deel van die Portugese koloniale gebied in Oos-Afrika. In 1889 het 'n poging, wat in dié verband namens die regering deur dr W J Leyds onderneem is, misluk.² Ses jaar later het daar 'n nuwe kans vir Transvaal gekom om aan die suidelike oewer van Delagoabaai, in die distrik Catembe, 'n terrein in besit te verkry. Die doel van hierdie bydrae is om te skets op watter wyse die Zuid-Afrikaanse Republiek gepoog het om hierdie terrein te verkry en om 'n oorsig van die gevolge te gee. Die internasionale verwickelinge wat uit hierdie aangeleentheid voortgespruit het was, volgens 'n uitlating van die destydse Duitse Ondersekretaris van Buitelandse Sake, Oswald Freiherr von Richthofen, in 1899, dié aanleiding tot Britse-Duitse besprekings oor 'n gesamentlike, afgebakende invloeduitbreiding in Afrika, veral met betrekking tot die Portugese koloniale besit. Dié samesprekings het op 30 Augustus 1898 tot 'n ooreenkoms tussen die twee grootmoondhede gelei.³ As gevolg van hierdie ooreenkoms is terselfdertyd, soos gesien sal word, die Duitse bystand aan die Zuid-Afrikaanse Republiek onttrek.

Die verkryging van die grootste deel van die Catembe-koncessies deur die Zuid-Afrikaanse Republiek

Inleiding

Die geskiedenis van die Catembe-koncessies het op 12.9.1890 begin. Op dié datum het

Onder Krugers Hollanders, Amsterdam, 1938, deel 2, p.250. Die skrywer wy hoofstukke 23 en 25 van sy werk aan die stryd om Delagoabaai. Wm. Roger Louis: *Great Britain and Germany's lost Colonies, 1914—1919*, Oxford, 1967, pp. 17—27.

2. Van Winter, t.a.p., deel 2, p.227.

3. LA 77/2: F F Eiffe-Von Wangenheim, 8.11.1899.

Goewerneur-Generaal Machado van Mosambiek, in die vorm van twee dekrete twee aan mekaar grensende terreine, onderskeidelik 480 en 420 ha, geleë aan die suidelike oewer van Delagoabaai, in die distrik Catembe, in ewigdurende pag afgestaan aan Paulino Antonio Perassini, Pablo Perez en Charles Wack. Op 6.8.1894 het dié persone eiendomsreg oor die terreine verkry. Vervolgens het koninklike kommissaris Antonio Ennes in 1895 in die vorm van 'n afsonderlike konsessie aan die eenaars die reg toegeken om die terreine te ontwikkel deur die aanleg van steenkoolopslagplekke, die bou van magasyn, die oprigting van 'n skeepswerf vir herstelwerk en die bou van hawehoofde vir die laai en los van steenkool, hout, petroleumprodukte, e.d.m. Daar is bepaal dat toekomstige bou- en ander planne onderhewig sou wees aan goedkeuring deur die plaaslike owerhede en dat geboue uitsluitend bo die bestaande hoogwaterlyn mag verrys.⁴

Die gedagte met die verlening van hierdie konsessies was dat die voorsiening van die beoogde geriewe bevorderlik sou wees vir die handelsverkeer en die plaaslike ontwikkeling van handel en nywerhede in Lourenço Marques.

F F Eiffe besoek Lourenço Marques

In 1895 het die Hamburgse handelaar Franz Ferdinand Eiffe, 'n deelgenoot in die handelshuis Seemann en Eiffe, 'n besoek aan Lourenço Marques gebring waar dié firma plaaslike belange besit het.⁵ Tydens sy besoek het Eiffe o.m. tot die gevolgtrekking gekom dat, ten spyte van die totstandkoming van die spoorwegverbinding met Pretoria, die Portugese nie voornemens was om bestaande toestande op die gebied van haweverkeer te verbeter nie. Sowel die plaaslike owerhede as die handelaars in Lourenço Marques, met wie hy hierdie aangeleentheid en die toekomstige moontlikhede van Delagoabaai bespreek het, het — aldus Eiffe — geen begrip hiervan gehad nie. Eiffe het ook van die Catembe-konsessies verneem en pogings aangewend om die belangstelling van die 'Deutsche Bank' vir die ontwikkeling van die Catembe-terreine te verkry, maar die Berlyne reaksie was aarselend. Ook het hy verneem dat die konsessiehouers hulle regte aan 'n ongenoemde Britse firma aangebied het wat op sy beurt, en ook sonder welslae, probeer het om die konsessies aan die Britse en Transvaalse regering te verkoop. Hierdie mededelings het, wat die Transvaalse regering betref, op waarheid berus, want op 27.9.1895 het Eiffe van die Duitse konsul te Pretoria, F von Herff, verneem dat die Catembe-belange vir £50 000 aan die Transvaalse regering aangebied is.⁶

Eiffe, dr Leyds en die Transvaalse regering

Van Lourenço Marques het Eiffe na Durban vertrek, waar hy op 20.10.1895 'n skrywe aan Staatssekretaris dr W J Leyds gerig het. Hy het verklaar dat hy die Catembe-konsessies vir £25 000 sou kan koop. Dr Leyds is na Durban (ook vir verlofdoeleindes) en het aan Eiffe die versekering gegee dat die Transvaalse regering bereid was om dié bedrag te betaal, om dadelik met die terreinontwikkeling te begin en om, met dié doel voor oë, 'n Transvaals-Duits-Portugese maatskappy te stig. Verder is die bou van woonhuise, opslaggeriewe, 'n badhuis en 'n hotel in die vooruitsig gestel.⁷ Eiffe het daarna

LA 77/1: Leyds-Staatssekretaris, 10.8.1899.

Op 1.4.1896 het dié firmanaam verander na F F Eiffe en Kie.

6. LA 77/2: Eiffe-Burgermeester dr. Versmann (Hamburg), 29.6.1898.

7. LA 77/1: Eiffe-Leyds, 20.10.1895.

na Pretoria vertrek, onderhandelings met die regering gevoer en vervolgens na Lourenço Marques vertrek waar hy, aan die begin van November 1895, daarin geslaag het om die grootste belange in die konsessies aan te koop. Op dieselfde tydstip het dr Leyds ook in Lourenço Marques vertoef en op 4.11.1895 aan sy regering geskryf dat hy, ná die verkryging van die konsessies, met Eiffe ooreengekom het om, ná magtiging deur die Uitvoerende Raad en die regering, Eiffe se aandeel in die konsessies teen £25 000 oor te neem. Eiffe sou dan in Pretoria betaling ontvang en sy aandeel in die konsessies sou dan, aldus dr Leyds se voorstel, op Eiffe se naam bly. Op dié wyse sou die aandeel van die Transvaalse regering in die transaksie geheim bly.

Dr Leyds het die noodsaaklikheid van strenge geheimhouding ten sterkste beklemtoon deur die regering daaraan te herinner dat in die verlede die uitvoering van 'n landingshoofkonsessie in Lourenço Marques misluk het omdat die rol van die Transvaalse regering in hierdie aangeleentheid bekend geword het. Met verwysing na die Catembe-konsessies het hy uitdruklik verklaar: "zoo daar iets van uitlekt kan men zich verzekerd houden van de oogenblikelyke tegenwerking van den Engelschen gezant te Lissabon en van de Portugeesche Regeering zelve, om van anderen niet te spreken".⁸ Ten slotte het dr Leyds sterk daarop aangedring dat die Uitvoerende Raad 'n besluit oor die saak neem, ook omdat Eiffe die steun van konsul Von Herff en die Duitse regering geniet. Die Transvaalse regering was, op dié wyse, dus volkome ingelig in verband met toekomstige teenwerking en ondersteuning op internasionale vlak.

Eiffe is na Pretoria en dr Leyds het sy verlof in Durban hervat. Op 7.11.1895 het die Uitvoerende Raad 'n geheime besluit geneem om die transaksie te magtig met dien verstande dat Eiffe se aandeel in die konsessies, d.i. 5/8, teen betaling van £17 500 oorgeneem word, terwyl Eiffe £5 000 ontvang om Charles Wack se aandeel te koop. Hierdie bedrae sou betaalbaar wees na voorlegging van die betrokke transportaktes.⁹

Eiffe het die belange van Wack uitgekoop en van die ander konsessiehouers die reg verkry om 'n maatskappy te stig om die terrein te ontwikkel. Tewens het Eiffe, soos reeds vermeld is, 5/8 van die totale aandele in besit gekry en op dié wyse 'n vrye hand gekry om sy verdere planne te probeer verwesenlik.

Die vraag kan gestel word hoekom Eiffe nie die volle beheer oor die konsessies verkry het nie. 'n Moontlike verklaring is dat daar, volgens Eiffe, reeds ongeveer agt weke voordat hy sy finale reëlings in Lourenço Marques getref het, èrens 'n lekplek ontstaan het. Uit Johannesburg is die Mosambiekse goewerneur-generaal telegrafies ingelig dat die Transvaalse regering van plan is om die Catembe-konsessies te koop. Daarna het kommissaris Ennes die konsessiehouers weliswaar laat verstaan dat hulle vryelik met die konsessies kan handel, maar dat hulle — in geval van 'n oordrag aan 'n buitelandse moonheid — geen verdere welwillendheid van die owerhede kan verwag nie! Of hierdie waarskuwing die transaksie se omvang beïnvloed het, is moeilik om vas te stel, maar wel is Eiffe verplig om te belowe dat hy sy verworwe aandeel nie sonder toestemming van sy mede-konsessiehouers sou verkoop nie. Van die ander konsessionarisse is dieselfde versekering verkry en hierdie verstandhouding was in stryd met die Uitvoerende Raadsbesluit, maar andersyds het Eiffe daarin geslaag om 'n notariële volmag van die ander belanghebbendes te verkry om die beoogde maatskappy te loods.¹⁰ In Lourenço Marques het konsul Pfeil daarvoor gesorg dat die betrokke

8. *Ibid*: Leyds-Regering, 4.11.1895.

9. *Ibid*: Afskrif, onder LA 77/1/2, van die geheime U.R.B. van 7.11.1895 en die ooreenkoms met Eiffe (8.11.1895).

10. *Ibid*: Eiffe-Leyds, 11.11.1895, Eiffe-Van Boeschoten, 11.11.1895.

dokumente, afskrifte en vertalings na Pretoria versend is, terwyl waarn. Staatssekretaris van Boeschoten deur bemiddeling van Von Herff ingelig is omtrent die mate van welslae wat Eiffe in Lourenço Marques behaal het. Eiffe het op 12.11.1895, aan boord van die 'Admiral' na Duitsland vertrek om daar te probeer om die nodige ondersteuning vir die oprigting van 'n maatskappy te verkry.

2 Die "Campanhia industrial de Lourenço Marques" (1897)

Eiffe se sienswyse i. v. m. 'n maatskappy. Sy werksaamhede in Duitsland

Eiffe se sienswyse omtrent die maatskappy wat hy persoonlik in gedagte gehad het, blyk uit 'n skrywe wat hy ná sy aankoms in Beira, aan dr Leyds gestuur het. Volgens hom was die Z A Republiek, Duitsland, Portugal en Frankryk dié lande wat daarby belang gehad het dat Lourenço Marques nie in Britse hande val nie. Bygevolg béveel hy aan dat vooraanstaandes uit dié lande sitting in die direksie van die beoogde maatskappy verkry. Hulle sou tewens die steun van die betrokke regerings kon verkry om die beoogde planne ten uitvoer te bring. Eiffe stel op grond van hierdie sienswyse verteenwoordiging deur die NZASM, die "Deutsche Bank" (A Goerz), die hoof van die grootste Duitse handelshuis wat betrekings met Afrika onderhou (A Woermann) en die eienaar van die Duitse "West-Ostafrika Linie" (C Woermann) voor. Behalwe in Duitsland sou belangstelling vir die maatskappy in Lissabon opgewek word vir 'n maatskappy met 'n aanvangskapitaal van £250 000. Die grootste gedeelte van hierdie bedrag sou uit die kas van die Transvaalse regering en van "ander welwillendes" moes kom, terwyl die res deur Duitse kapitaliste, en 'n klein deeltjie daarvan, deur Portugese of Franse belangstellendes gestort kon word. Ten slotte het Eiffe teenoor dr Leyds die wenslikheid uitgespreek om 'n inspekteur na Delagoabaai te stuur om die vereiste aanvoerwerk ten opsigte van handels-, skêepvaartkundige- en hawetoestande uit te voer.¹¹

Indien ons bogenoemde, onvolledige uitlatinge van Eiffe korrek vertolk dan het hy op daardie tydstip die stigting van 'n maatskappy in gedagte gehad waarin Transvaalse bedryfskapitaal in elk geval 'n belangrike rol sou speel. Hy het die "ander welwillendes" nie nader omskryf nie en bygevolg tas ons hier in die duister. Dieselfde geld ook vir die volledige samestelling van die maatskappy se beheerraad.

Terug in Duitsland het Eiffe sy opwagting by die staatssekretaris van die "Reichsmarineamt", adm Friedrich von Hollmann, gemaak met die doel om vas te stel wat dié departement se begeertes ten opsigte van toekomstige hawegeriewe vir die Duitse oorlogsvloot sou wees. Tydens hierdie onderhoud is herstelgeriewe en 'n opslagplek vir Transvaalse steenkool op die Catembe-terrein bespreek. In Stamburg het hy die belofte van C Woermann verkry om gegewens in verband met die tonniemaat van skepe van die *Ostafrika Linie* beskikbaar te stel terwyl die gedagte om 'n hawehoof vir steenkool te bou met belangstelling tegemoet gesien is.¹²

Met dr Leyds, wat aan die begin van 1896 in Wes-Europa vertoëf het, is in Amsterdam die uitstuur van 'n marine-ingenieur, Thomas Ivens, bespreek. Ivens was 'n Portugese onderdaan wat sy opleiding in Engeland ontvang het en jarelank in Brits-Indië werksaam was. Wat in hierdie verband ook as belangrik beskou is, was die feit dat Ivens en die Portugese Eerste Minister (Hintze-Ribeiro) jugsvriende was.¹³ Voor-

12. *Ibid*: Eiffe-Leyds, 28.1.1896.

13. *Ibid*: Eiffe-Leyds, 20.2.1896.

dat hierdie besprekings plaasgevind het, het Eiffe die Duitse Staatssekretaris van Buitelandse Sake, Adolf Freiherr Marschall von Bieberstein mondeling oor sy planne ingelig, terwyl die Duitse konsuls in Lourenço Marques en Pretoria ook as beriggewers opgetree het.¹⁴ Eiffe het, op hierdie wyse, belangstellende amptelike en nie-amptelike instansies en persone in Duitsland, sowel as dr Leyds op hoogte van sake gehou, terwyl laasgenoemde die Z A Republiek se gesant in Europa, jnr mr G J T Beelaerts van Blokland ingelig het.¹⁵

Verwikkelinge in Lissabon. 'n Brits-Duitse perspolemie

Voordat Eiffe se handelsvennoot, Seemann, wat die gevoelens en verhoudings in Portugese regeringskringe beter geken het as Eiffe, aan die begin van Maart 1896 in Lissabon aangekom het om met die Eerste Minister oor die Catembe-planne te beraadslaag, het hierdie aangeleentheid reeds in die Portugese parlement ter sprake gekom. Op 'n vraag het die Minister van Buitelandse Sake geantwoord dat daar geen landkonsessies aan buitelandse moondhede gegee is nie en op 'n verdere vraag, of konsessies aan 'n Duitse onderdaan verstrekkend is, het die minister geantwoord dat die regering die aangeleentheid sal ondersoek. Op dié wyse is die vraesteller, Marianno Carvalho, op 'n eerlike wyse geantwoord of om die bos gelei.

Die *Hamburger Börsenhalle* wat sy lesers oor hierdie voorval ingelig het, het verklaar dat die firma Seemann en Eiffe 'n deel van Catembe verkry het, mede-eienaars van 'n terrein is en Carvalho verwyt dat hy geen melding van grondaankope deur Engelse, soos Edgar Vineent en sir James Sivewright, aan Delagoabaai gemaak het nie. Omdat Duitsers by die aangeleentheid betrokke is, word dadelik alarm geslaan, aldus die *Hamburger Börsenhalle* van 29.2.1896.¹⁶ Op dieselfde dag is, onder die opskrif "Die Politik", in die *Berliner Börsencourier*, die Britse *Globe* aangeval na aanleiding van 'n hoofartikel oor die Delagoabaai-"sameswering". In *Globe* is naamlik verklaar dat, nadat die Catembe-konsessies aan die Britse regering aangebied is, die firma Eiffe op die toneel verskyn het en £20 000 betaal het. Volgens *Globe* was die Hamburgse firma nie by magte om dié bedrag te betaal nie en op die vraag wie die geld dan wel verstrekkend het, is die Zuid-Afrikaansche Republiek ronduit genoem. Volgens *Globe* was dit 'n sameswering tussen Berlyn en Pretoria waarin dr Leyds ook betrokke was, maar gelukkig het — aldus die skrywer van hierdie artikel — die Jameson-inval die lig op Suid-Afrika laat skyn en daardeur is verdere Duitse beplanning in die wiele gery. Chamberlain is gevra om die Britse oppergesag in Suid-Afrika streng te bewaak. Die *Berliner Börsencourier* het die verhaal van sy Britse tydgenoot, wat van 'n mate van kennis oor die Catembe-saak getuig het, na die ryk van die fabels verwys!¹⁷

In Lourenço Marques het Portugese vlootoffisiere 'n klein deeltjie van die terrein van die Catembe-konsessie met geweld beset om vlootgeboue op te rig, terwyl nagelaat is om Eiffe oor hierdie wederregtelike optrede in te lig. Toe Eiffe hiervan te hore kom het hy geprotesteer. Is Eiffe se regte nie in Lourenço Marques erken nie of was daar 'n proses van dwarsboming of vertraging aan die gang? Wat moes Ivens, wat in Mei 1896 na Delagoabaai vertrek het, daarvan dink dat sy planne vir 'n landingsbrug, wat hy vir goedkeuring aan die plaaslike owerhede voorgelê het, niks verder gekom het nie?

14. *Ibid.*: waarin Eiffe-Versmann, 29.6.1898.

15. LA 78/1: Geheime lêer nr. 1090.

16. *Ibid.*: GR 416/95.

17. Kyk voetnota 16.

Nietemin het Eiffe in Januarie 1897 in Lourenço Marques, sy planne met goewerneur-generaal Mousinho L'Albuquerque bespreek en het nêrens op weerstand gestuit nie.¹⁸

Die maatskappy kom tot stand (24.3.1897)

Van Lourenço Marques is Eiffe na Pretoria. Daar het hy toestemming verkry om, onder die benaming *Companhia industrial de Lourenço Marques*, 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid en met aandele van £1 en 'n totale kapitaal van £250 000 in die lewe te roep. Die Transvaalse regering was bereid om, in teenstelling met Eiffe se vroeëre wenk, £200 000 aan hom te verstrek en in ruil vir hierdie bedrag opbetaalde aandele te ontvang. Welliswaar is Eiffe toegelaat om £25 000 van die £200 000 elders te plaas, maar slegs op voorwaarde dat die regering van die Z A Republiek die meeste stemme in die maatskappy-beheer behou. Op dié wyse is die Transvaalse belange stewig verskans in die maatskappy. Aan Eiffe is vervolgens opgedra om die maatskappy op die been te bring en daarvoor te sorg dat die Portugese regering en sy amptenare die onderneming nie dwarsboom nie. Eiffe se vergoeding is gereël en ten slotte is ooreengekom dat die ooreenkoms vir 'n onbepaalde tyd van krag sou wees. Die Transvaalse regering het die reg van opsegging op enige tydstip voorbehou, terwyl Eiffe oor 'n termyn van 'n jaar kon opsê.¹⁹

Registrasie en publikasie in die "Boletim Official"

Eiffe het geen moeilikhede ondervind om 'n deel van die nog beskikbare aandele onder 'n paar Portugese en ander ongenoemdes geplaas te kry nie, terwyl hy die res van die aandele in eie besit gehou het.

Nadat d'Albuquerque sy goedkeuring aan die statute van die *Companhia industrial* geheg het, is die maatskappy in April 1897 te Lourenço Marques geregistreer. Die statute is deur 'n regs kundige te Mosambiek nagegaan en nadat die goewerneur-generaal weer eens verklaar het dat alles in orde was, sou die verpligte publikasie van die plaaslik goedgekeurde statute in die *Staatskoerant* volg.

Inmiddels is, met voorkennis van die goewerneur-generaal, ingenieur Ivens en die vertrouensman van die regering te Pretoria, ingenieur A G A van Eelde (die toekomstige direkteur van die maatskappy) na Europa gestuur om die jongste projekte op die gebied van hawe- en dokwerke te bestudeer. Ná hulle terugkeer het die twee deskundiges hulle beplanning voltooi. In Junie 1897 het Eiffe uit Afrika in Duitsland teruggekeer om kort daarna uit Lourenço Marques te verneem dat die Portugese regering weier om die statute van die maatskappy in die *Staatskoerant* te publiseer. Daar is insae in alle dokumente geëis en Eiffe is na Lissabon waar hy verneem het dat die Portugese regering sy eiendomsregte en aansprake ten volle erken en die begin van die werksaamhede met vreugde sou begroet. Maar, so is aan hom meegedeel, die Britse regering staan vyandig teenoor die uitvoering van die planne omdat daardeur die Duitse invloed aan die baai versterk sou word, dit ten koste van die bestaande *status quo* in Lourenço Marques. Persoonlik was Eiffe die mening toegedaan dat die Portugese gesant in Londen, markies De Soveral, Britse omkoopgeld ontvang het en dit, behalwe in sy eie sak, jaarliks in Portugal laat beland. Plaaslik, in Lourenço Mar-

18. LA 77/2: Eiffe se *Denkschrift* van 30.9.1897.

19. *Ibid*: Die ooreenkoms van 24.3.1897, 'n uitvloeisel van geheime U.R.B., art 21, 24.3.1897

ques, het die Britse konsul openlik verklaar dat sy regering alles sou doen om die planne te verongeluk.²⁰

Eiffe se "Denkschrift". Die bemoeiings van die Duitse Departement van Buitelandse Sake

Terwyl Eiffe nou in 'n onbenydenswaardige posisie verkeer het, het hy geoordeel dat die enigste moontlike redmiddel vir sy projek was om met die Duitse Departement van Buitelandse Sake in verbinding te tree. Dié departement was, soos reeds gesien is, van die begin af ingelig en nou het Eiffe, op 30.9.1897, sy *Denkschrift betreffend die bisherige Entwicklung der Besitzung Catembe* (met bylae) na Berlyn gestuur. Eiffe het weer eens die lotgevalle van die Catembe-koncessie noukeurig beskryf, nadruk op die Britse dwarsboming gelê, op die belangrikheid van die projek vir die Z A Republiek, die Duitse belange in Suid-Afrika en die Duitse handel en nywerheid gesinspeel, die kapitaal genoem wat die Transvaalse regering in die onderneming wou steek (Mk 4 000 000 uit 'n totaal van Mk 5 000 000) en by die departement daarop aangedring dat die Duitse regering in Lissabon voorspraak doen. Ter verduideliking van die amp-telike houding in Engeland het hy korrespondensie tussen Onder-staatsekretaris sir Thomas Sanderson en ingenieur Ivens en 'n skrywe van ingenieur Van Eelde aan sy "Denkschrift" toegevoeg.²¹

Eiffe het, ná 'n bespreking met Onderstaatsekretaris Freiherr von Richthofen wel die versekering ontvang dat die Duitse regering sy belange sou beskerm, maar gedurende die volgende maande is daar geen vordering gemaak nie. In November 1897 het Eiffe berig van goewerneur-generaal d'Albuquerque ontvang dat hy van plan was om na Lissabon te vertrek en, ná sy aankoms in Portugal, die Catembe-saak persoonlik sou reël. Na ruggespraak met Berlyn is Eiffe in Desember 1897 na Lissabon om daar getuie te wees van al die teenstand wat d'Albuquerque van sy eie regering ondervind het. In Februarie 1898 het die goewerneur-generaal by Eiffe daarop aangedring dat die Duitse regering moet optree. Dit het gebeur, maar van Portugese kant is aanhoudend 'n verdragingsaktiek toegepas wat sowel Eiffe as dr Leyds, wat in-middels as gesant in Europa werksaam was, ongetwyfeld moedeloos gemaak het. Op 25.8.1898 het dr Leyds teenoor die Staatsekretaris te Pretoria verklaar dat die Portugese regering, wat op die hand van die Britse regering is, nog steeds met allerlei uitvlugte gereed staan om die Catembe-saak op die lange baan te skuif. Eiffe het, volgens dr Leyds, gereed gestaan om skadevergoeding van £35 000 van die Portugese regering te eis.²²

Die nuwe koers: Die Brits-Duitse ooreenkoms van 30.8.1898

Die bekende Brits-Duitse ooreenkoms van 30.8.1898, waarin besluit is om in geval van 'n ineenstorting van die Portugese koloniale besittings in Afrika, nie alleen dié besittings onder die twee landgenote te verdeel nie, maar wat terselfdertyd deur die toewysing van die suidelike deel van Mosambiek aan die Britse invloedseer in Afrika ook die

20. Kyk voetnota 18.

21. Kyk voetnota 18. Ivens het sonder welslae probeer om met die Britse Minister van Buit. Sake oor die aangeleentheid gedagtes te wissel. Van Eelde het, in sy skrywe aan Eiffe (22.9.1897) op sterk optrede teen die Port. regering aangedring en verder o.m. verklaar dat E. oor 7/8 van die koncessie beskik.

22. LA 77/2: Leyds-Staatsekretaris, Z.A.R., 25.8.1898. In dieselfde band is E. se skrywe van 12.9.1898 aan die Duitse Departement van Buitelandse Sake oor skadevergoeding.

Brits-Duitse betrekkinge met die Zuid-Afrikaanse Republiek sterk beïnvloed het, het ook die aandag van Eiffe getrek. Op 12.9.1898 het hy aan die Duitse Departement van Buitelandse Sake, met verwysing na persberigte, gevra of die Catembe-projek deur die ooreenkoms geraak word. Aan die begin van Oktober 1898 was Eiffe in staat om met sekerheid te kan verklaar dat die Catembe-saak in die Brits-Duitse ooreenkoms genoem is en dat daar ooreengekom is dat die Britse verset in verband met Catembe gestaak moet word. Nou sou, aldus Eiffe, die Duitse regering van Lissabon verlang dat die konsessie en die maatskappy erken word.²³ Dit het op hierdie tydstip dus voorgekom asof die planne van die Hamburgse inisiatiefnemer, met die Zuid-Afrikaanse Republiek op die agtergrond, danksy die ooreenkoms en die beloofde Duitse amptelike druk op die Portugese regering, eindelijk verwesenlik sou word.

Die gewysigde maatskappy

Die onderhoud tussen Von Richthofen en Eiffe

Aan die begin van Oktober 1898 het Eiffe, op die eiland Helgoland, die Catembe-aangeleentheid met Freiherr von Richthofen bespreek.²⁴ Von Richthofen het die doel en strekking van die ooreenkoms verduidelik, verklaar dat die Catembe-saak feitlik die aanleiding tot die onderhandelings was wat die ooreenkoms vooraf gegaan het en Eiffe gevra of hy verkies om die konsessie te behou of van die hand te sit. Von Richthofen sou in die geval dat Eiffe sy regte wou behou dit só in Lissabon laat stel. Tewens het hy die versekering gegee dat hy geen Britse teenstand verwag nie, maar dat hy (Von R) van mening was dat 'n Duits-Portugees-Britse konsortium, waarvan elke groep $\frac{1}{3}$ van die benodigde kapitaal verstrek, die beste oplossing vir die voortbestaan van die maatskappy, nou in die vorm van 'n internasionale konsortium, sou wees. Indien Portugal nie oor die benodigde kapitaal sou beskik nie, dan kon Duitsland en Engeland die tekort aanvul. Eiffe sou aan die hoof van die onderneming bly en hierdie onderneming moes amptelik 'n Portugese maatskappy bly omdat Delagoabaai voorlopig nog Portugese besit sou bly.

Von Richthofen het die belof om die hele aangeleentheid met sy Britse ampsgenoot te bespreek en nadat Eiffe aangevoer het dat hy met betrekking tot enige ooreenkoms die toestemming van die Transvaalse regering benodig, is die bespreking afgesluit. Só het die Brits-Duitse ooreenkoms van 30.8.1898 nie alleen die Catembe-saak beïnvloed nie, maar tewens 'n nuwe tydperk ingelui ten opsigte van die Duits-Transvaalse betrekkinge. Van 'n oorheersende posisie in die *Companhia industrial de Lourenço Marques* se bestel is die Zuid-Afrikaanse Republiek feitlik heeltemal uit die onderneming uitgeskakel. Roger Louis het in verband met die Brits-Duitse ooreenkoms o.m. verklaar:

“.....it meant the abandonment of the Transvaal by the Germans; and it strengthened the British hold over Delagoa Bay, without which they feared it would be difficult to conquer the Boers.”²⁵

Dr Leyds, wat deur Eiffe ingelig is, het op 10.10.1898 aan sy regering die raad gegee om, tén einde nog iets van die Catembe-saak te red, die bestaande konsessies te

23. *Ibid.*: G.Z.R. 1869/98, Van Eelde-Leyds, 29.10.1898. Die betrokke teksgedeelte van die ooreenkoms is aangehaal deur Van Winter, t.a.p., deel 2, pp.285 – 286.

24. *Ibid.*: Eiffe-Von Tattenbach, 8.11.1899.

25. Wm Roger Louis, t.a.p., p.27.

verkoop of om 'n internasionale konsortium in die lewe te roep. Tewens het hy 'n algemene volmag van die regering gevra. Op dieselfde dag het Pretoria die gevraagde volmag verstrek en verklaar dat die regering 'n internasionale konsortium verkies.²⁶ Die vraag was, nou dat die Transvaalse regering en selfs Eiffe die inisiatief ontnem is, of daar — in verband met die oorspronklike beplanning van die Catembe-aangeleentheid — nog iets gered kon word. Dr Leyds het sy opwagting by Von Richthofen gemaak en is aangeraai om 'n afwagende houding in te neem voordat hy gebruik maak van sy volmag.²⁷

Die verdere verloop van sake tot 20.9.1899

Terwyl die Portugese regering voorlopig niks gedoen het in verband met die Catembe-saak nie omdat van dié kant so laat as die begin van Desember 1898 verklaar is dat die inhoud van die Brits-Duitse ooreenkoms nog nie aan Lissabon voorgelê was nie, het Eiffe 'n lotgenoot gekry in die persoon van die hoof van Lingham se houthandel (Johannesburg, Lissabon). Lingham en sy vernaamste geldskieter, G F Neame (Londen), net, nadat Von Richthofen en dr Leyds toestemming aan Eiffe gegee het, op 6 en 7 Des 1898 in die Britse hoofstad die Hamburger ontmoet. Lingham het, net soos Eiffe, 'n konsessie verkry, nl. om, op 'n terrein van 50 ha aan Delagoabaai, 'n takspoorlyn vir houtvervoer en 'n saagmeul te bou op voorwaarde dat alle bouplanne vir goedkeuring aan die Portugese owerhede voorgelê word. Sonder om hom hieraan te steur, het Lingham die terrein ontwikkel, daarna teenstand begin ondervind en vervolgens hulp van die Britse gesant in Lissabon ingeroep en verkry. Lingham was van plan om, indien die moeilikhede sou voortduur, Eiffe se terrein te koop. Dit sou sy posisie verbeter aangesien hy dan eiendomsregte sou besit, terwyl hy oorspronklik slegs pagrepte oor sy 50 ha besit het.²⁸ Eiffe het R100 000 vir sy konsessie gevra, maar in Maart 1899 het Eiffe van die Duitse Departement van Buitelandse Sake verneem dat die Britse regering, wat insae in die statute van die *Companhia industrial de Lourenço Marques* gehad het, die Portugese regering laat verstaan het dat daar geen besware meer teen die gewysigde statute bestaan nie.²⁹ Eiffe het hierdie oorwinning aan Lingham se invloed en belegde kapitaal toegeskryf. In Mei 1899 is die statute vir publikasie van Lissabon na Lourenço Marques gestuur.

Wysigings was vroeër aangebring, waarin o.m. bepaal is dat 'n kusstrook van 80m breed in besit van die Portugese staat moes bly. Verder is die beoogde terreinverbeteringe soos 'n landingsbrug en geboue en pakhuis omskryf en aan goedkeuring deur die Portugese regering onderwerp.³⁰ Die stigting van die nuwe maatskappy het, soos dit wou voorkom, nou eindelik nader gekom en in Junie en Julie 1899 het Eiffe en dr Leyds planne beraam om, indien die Transvaalse regering dit sou goedkeur, ten spyte van die internasionale samestelling van die beoogde maatskappy, tog te sorg dat die Z A Republiek die maatskappy sou beheer.³¹ Dit sou geskied deur sekere aandele, wat in werklikheid aan die Transvaalse regering sou behoort, in die naam van 'n aantal vertrouelinge uit te reik. Voorlopig is daar nie verder in dié rigting

26. LA 77/2: Telegram, Leyds-Chateaux, 10.10.1898 en die antwoord.

27. *Ibid*: Leyds-Staatsekretaris, Z.A.R., 17.11.1898.

28. *Ibid*: Eiffe-Leyds, 13.12.1898.

29. *Ibid*: Eiffe-Leyds, 28.3.1899.

30. *Ibid*: Eiffe-Von Tattenbach, 24.5.1899.

31. *Ibid*: Eiffe-Versmann, 6.6.1899; Leyds-Regering, 27.7.1899 (LA 77/1).

gevorder nie. Oorlogswolke het oor Transvaal begin saampak en op 20.9.1899 het Staatsekretaris F W Reitz aan dr Leyds laat weet dat die regering, met die oog op die heersende landsomstandighede, nie verder wou gaan nie as om aan ingenieur Van Eelde op te dra om die nodige voorbereidende werksaamhede te verrig en die aangeleentheid tot gunstiger tydsomstandighede te laat oorstaan.³²

4 Tydens en ná die oorlog

In 1901 het Eiffe en dr Leyds nog briewe gewissel oor die Catembe-aangeleentheid. Van belang is dat Eiffe op 15.6.1901 vermeld het dat die statute van die gewysigde maatskappy nie gepubliseer is nie, omdat die Portugese regering beweer het dat Eiffe nog nie aan sekere ongenoemde vereistes, voldoen het nie.³³ Daarna het die aangeleentheid tot 11.6.1907 bly rus, toe Eiffe aan dr Leyds gevra het of die na-oorlogse Transvaalse regering belangstel in Catembe.³⁴ Uit 'n volgende brief van Eiffe aan dr Leyds kan afgelei word dat dr Leyds hom tot genl J C Smuts gewend het. Sukses is, ook in die daaropvolgende jare, nie behaal nie en in 1925 is die korrespondensie oor die Catembe-saak tussen Eiffe en dr Leyds afgesluit.

Slotbeskouing

Die strewe van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek, om deur die verkryging van die grootste aandeel in die Catembe-koncessies, 'n vastrapplek aan Delagoabaai te verkry, was gedoem om te misluk as gevolg van die internasionale nawyer tussen Duitsland en Engeland ten opsigte van die beheer oor Delagoabaai en die feit dat die Portugese regering aan die leiband van Engeland geloop het. Dat die Duitse regering ná die ooreenkoms van 30.8.1898 nie meer bereid was om die Zuid-Afrikaansche Republiek verder in sy strewe te steun nie het die laaste kans op 'n moontlike wetslae laat verdwyn, terwyl die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 die Transvaalse regering met aanmerklik belangriker, ja lewensbelangrike aangeleenthede, gekonfronteer het. Of die wyse waarop die Transvaalse regering, deur Eiffe as 'n front te gebruik vir die uitvoering van sy geheime oogmerke, homself in die pad gestaan het, is 'n vraag wat verder as die ontstaan van argwaan en wantroue — nie verder opgeklar word deur die beskikbare dokumentasie nie. In die internasionale wêreld van voor 1899 was dié soort van optrede nie ongewoon nie en bygevolg bly die skrywer nog by sy oordeel dat dié faktore wat eerste genoem is, van deurslaggewende belang was.

32. LA 77/2: Staatsekretaris-Leyds, 20.9.1899.

33. *Ibid.*: Eiffe-Leyds, 15.6.1901.

34. *Ibid.*: Hierin lêer G.Z.R. 59 vir hierdie en die volgende korrespondensie.